**GRAAD RR-R**

Dankie Heer al is ek klein,

vir my skool en vir my brein.

Maak my nuttig, goed en sterk,

vader om vir U te werk.

AMEN

**GRAAD RRR**

Liewe Jesus,

Ek kindjie klein,

Jesus maak my hartjie rein.

AMEN

**GRAAD 1 & 2**

Liewe Jesus,

Dankie vir die lekker dag,

dat ons kon speel en lag.

Dankie vir die sonneskyn,

die diertjies groot en klein.

Dankie vir ons kos, o Heer,

en alles lief, mooi en teer.

AMEN

**GRAAD 1 & 2**

Here Jesus,

Ek is klein,

swak, onkundig en onrein.

Laat my grootword tot U eer,

laat my daagliks van U leer.

Maak my nuttig, goed en sterk,

Vader om vir U te werk.

AMEN

**GRAAD 3 & 4**

Here Jesus, ek het U nodig.

Dankie dat U aan die kruis vir my sondes gesterf het.

Ek maak nou die deur van my hart en lewe oop en nooi U in as my Redder en Here.

Dankie dat U al my menige sondes vergewe en dat U die ewige lewe aan my skenk.

Kom maak my die persoon wat U wil hê ek moet wees.

AMEN

**GRAAD 3 & 4**

Liewe Heer,

Ek sit al my probleme by U voete neer,

Want ek weet dat U die duiwel sal keer.

Dankie vir U goedheid en liefde,

U help met elke pyn en siekte.

U is groot en almagtig.

Als wat U maak is goed en pragtig.

Daarom weet ek dat ek U kan vertrou,

Om my elke dag en nag veilig te hou.

AMEN

**GRAAD 5-7**

Onse Vader wat in die hemel is,
maak asseblief die woorde wat ek spreek,
opbouend en vriendelik, ongeag met wie ek praat.

Leer my om mense met liefde en respek te behandel.
En laat die woorde wat ek spreek en waaraan ek dink, U karakter weerspieel, en alle eer aan U bring.

Ek vra dit, in die Heilige naam van Jesus Christus,
my Verlosser en Saligmaker.

AMEN

**GRAAD 5-7**

Liewe Heer,

skenk my tog die krag om alles te kan vermag
wat hierdie nuwe dag van my verwag.

Skenk my geduld as ek vir iemand wag,
en as ek wil kwaad raak hou my stemtoon sag.

Leer my om liewer vir myself as vir ander te lag,
en 'n glimlag te deel eerder as om vir een te wag.

Maak my elke sekond bewus van die Skepping se prag
En laat my nooit twyfel aan U mag.

AMEN

**GRAAD 8 & 9**

Here,

Ek trek vandag die volle Wapenrusting van God vir my aan, sodat ek weerstand teen die bose kan bied en staande kan bly:

Ons heupe omgord met die waarheid,

Die borswapen van die geregtigheid,

Skoene van bereidheid vir die evangelie van vrede,

Die skild van die geloof om die vurige pyle van die bose uit te blus,

Die helm van verlossing,

En die swaard van die Gees.

Ek bid dit in U naam alleen,

AMEN

**GRAAD 8 & 9**

Almagtige God en Vader,

vanuit wie alle waarheid en vrede kom,

raak die harte van alle mense aan

met u heilige liefde en vrede.

Kom, O Prins van vrede,

lei en leer die heersers van ons land,

met besluitneming deur u volkome wysheid.

Skenk aan hul u onderskeidingsvermoë,

tot die vooruitgang van u koninkryk,

totdat ons hele land gevul word

met die kennis van u oneindige liefde.

Dankie Jesus, ons Here en Verlosser.

AMEN

**GRAAD 10 – 12**

God - Skenk my die Kalmte,

Om te aanvaar wat ek nie kan verander nie,

Moed om te verander wat ek kan,

En die Wysheid om te weet wat die onderskeid is.

Om te lewe een dag op `n slag.

Oomblik na oomblik te geniet.

Swaarkry te aanvaar as die pad na vrede

soos Hy, hierdie sondige wêreld te aanvaar

soos dit is, en nie soos ek dit wil hê.

Om te vertrou dat Hy alle dinge reg sal maak

as ek my wil aan Syne oorgee

Dat ek redelik gelukkig in hierdie lewe sal wees

en sal Jubel van geluk saam met Hom

vir ewig in die volgende lewe

AMEN

**GRAAD 10 – 12**

God - maak van my `n instrument van U Vrede

Waar daar haat is, laat my Liefde saai

Waar daar seermaak is - Vergifnis

Waar daar vertwyfeling is - Geloof

Waar daar wanhoop is - Hoop

Waar daar donkerte is - Lig

En waar daar hartseer is - Vreugde

O Heilige God - gee dat ek nie soveel streef

Na vertroosting as om te vertroos nie.

Om verstaan te word as om self te probeer verstaan.

Om vir liefde te vra as om Liefde te gee,

want dit is deur te gee wat ons ontvang.

Dit is deur te vergewe wat ons vergewe word.

En dit is in ons sterfte wat ons gebore word tot U ewige Lewe…….

AMEN